Wetgewing: 1988 – Parlementsessie

Adv Deon Rudman, Direkteur, Departement Justisie

Die volgende wette wat vir die regsberoep van belang mag wees, is tydens die 1988-Parlementsessie verorden:

1. Die *Strafregswysigingswet,* 1988 (Wet 1 van 1988). Dié Wet spruit voort uit die Suid-Afrikaanse Regskommissie se verslag na aanleiding van sy ondersoek na misdade wat onder die invloed van drank of dwelms gepleeg is. Die Wet, wat in 'n sekere mate van 'n suiwer regswetenskaplike benadering afwyk, maak onder andere daarvoor voorsiening dat waar 'n persoon in 'n toestand verkeer waar hy nie oor die vermoë beskik om die wederregtelikheid van sy handelinge in te sien of om in ooreenstemming met daardie insig te handel nie, en indien die gemelde toestand teweeggebring is deur die vrywillige gebruik van bedwelmende drank of dwelms, en gemelde persoon in laasgenoemde toestand handelinge verrig wat deur die reg op straf verbied word, sodanige persoon, ten spyte van die afwesigheid van daardie vermoë, nogtans regtens aanspreeklik gehou kan word en strafbaar is met die strawwe wat deur die reg ten opsigte van die verrigting van die handeling (behalwe die doodstraf) voorgeskryf word.

2. Die *Ontugwysigingswet,* 1988 (Wet 2 van 1988). Dié Wet spruit voort uit die aanbevelings van die Presidentsraad in sy verslag oor 'n ondersoek na die Ontugwet, 1957 (Wet 23 van 1957). Dit het onder andere ten doel om die maksimum boetes wat vir sekere oortredings ingevolge genoemde Wet opgelê kan word, te verhoog; om die verbod op 'n ouer of voog om die ontering van sy dogter te bewerkstellig uit te brei sodat dit ten opsigte van al sy kinders geld; om die bepalings met betrekking tot seksuele misdrywe deur 'n manspersoon met jeugdiges aan te pas en uit te brei sodat hulle ook op 'n vrouepersoon van toepassing is; om die verbod op seksuele dade met vroulike idiote of swaksinniges uit te brei sodat dit ook ten opsigte van manlike idiote of swaksinniges geld; en om dit 'n misdryf te maak vir 'n persoon om ontug of 'n onsedelike daad met 'n ander persoon teen vergoeding te pleeg. Van die belangrikste wysigings in die Wysigingswet vervat, is egter daarop gemik om onsedelike bedrywighede by die sogenaamde "escort clubs" aan bande te lê.

3. Die *Wysigingswet op Huweliks- en Huweliksgoedereg,* 1988 (Wet 3 van 1988). Dié Wet spruit voort uit 'n ondersoek van die Suid-Afrikaanse Regskommissie na die huwelike en gebruiklike verbindings van swart persone. Die Wysigingswet maak die bepalings van die Wet op Huweliksgoedere, 1984 (Wet 88 van 1988), op die gemeenregtelike huwelike van swart persone van toepassing op dieselfde grondslag as wat dit vir die ander bevolkingsgroepe geld.

4. Die *Wet op die Afdwinging van Buitelandse Siviele Vonnisse,* 1988 (Wet 32 van 1988). Dié Wet het ten doel om die bestaande prosedure vir die wederkerige afdwinging van siviele vonnisse tussen die Republiek en lande wat vir die doel aangewys word, te vergemaklik en te vereenvoudig.

5. Die *Wysigingswet op Dobbelary,* 1988 (Wet 39 van 1988), wysig die Wet op Dobbelary, 1965 (Wet 51 van 1965), ten einde die boetes wat vir misdrywe ingevolge die Wet opgelê kan word, te verhoog.

6. Die *Wysigingswet op die Bewysreg,* 1988 (Wet 45 van 1988). Dié Wet spruit voort uit aanbevelings van die Suid-Afrikaanse Regskommissie na aanleiding van sy ondersoek na die bewysreg en beoog om sekere aspekte van die bewysreg wat onbevredig werk en nie in eietydse behoeftes voorsien nie, te ondervang. Die belangrikste hiervan is die volgende:

(i) Voorsiening word gemaak vir die geregtelike kennisname van vreemde reg en van inheemse reg.

(ii) Die algemene toelaatbaarheidsvereistes vir hoorsêgetuienis word gestel. Hoorsêgetuienis word byvoorbeeld omskryf as getuienis waarvan die getuieniswaarde afhang van die geloofwaardigheid van iemand anders as die persoon wat daardie getuienis aflê. Die hof word met die diskresie beklee om hoorsêgetuienis in sekere omstandighede toe te laat.

(iii) Daar word bepaal dat 'n gade vir sowel die vervolging as 'n mede-beskuldigde 'n bevoegde getuie teen 'n ander gade in 'n strafsaak kan wees.

(iv) Privilegie by siviele sake ten aansien van mededelings tussen gades wat tydens die huwelik gemaak is, word gereël: Huwelikspriviliegie word by siviele sake, net soos tans by strafsake die geval is, van toepassing gemaak op mededelings wat gedoen is tydens die bestaan van 'n huwelik of vermeende huwelik wat deur 'n bevoegde hof ontbind of nietig verklaar is.

7. Die *Wet op Beheer van Trustgoed,* 1988 (Wet 57 van 1988). Dié Wet spruit voort uit 'n ondersoek van die Suid-Afrikaanse Regskommissie na die trustreg in Suid-Afrika. Dit het slegs ten doel om die beheer oor trustgoed ietwat uitvoeriger as wat tans die posisie is, te reël en om sekere geïdentifiseerde probleme te ondervang. Die belangrikste wysigings van die bestaande trustreg in die Wet vervat, is die volgende:

(i) Die Trustgelde Beskermings Wet, 1934, en Hoofstuk III van die Boedelwet, 1965, word herroep.

(ii) Die Wet word slegs op trusts soos in die Wet omskryf, van toepassing gemaak.
(iii) 'n Trustee mag slegs as sodanig optree indien hy deur die Meester daartoe gemagtig is.
(iv) Indien 'n vakature in die amp van trustee ontstaan, kan die Meester 'n ander trustee aanstel en kan hy ook, indien dit nodig geag word, 'n medetrustee aanstel.
(v) Die Wet bepaal uitdruklik dat trustgoed nie deel van 'n trustee se persoonlike boedel vorm nie.
(vi) Die hof se bevoegdheid om die bepalings van 'n trustdokument te wysig in gevalle waar dit nodig geag word, word uitgebrei.
(vii) Die hof kan genader word met die versoek om 'n trustee te gelas om sy pligte uit te voer en die Meester kry ook die bevoegdheid om 'n trustee in bepaalde gevalle van sy amp te onthef.
(viii) Voorsiening word gemaak vir die bedanking van 'n trustee en vir sy vergoeding.

8. Die *Wysigingswet op Beslote Korporasies*, 1988 (Wet 64 van 1988). Die oorspronklike oogmerk van artikel 7 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet 69 van 1984), was om ook aan die landdroshof jurisdiksie te verleen in sekere aangeleenthede wat op beslote korporasies betrekking het, maar dit was nooit die bedoeling om die jurisdiksie van die Hooggeregshof uit te sluit nie. Die howe het egter in verskeie sake op die bewoording van vermelde bepalings beslis dat die jurisdiksie van die Hooggeregshof daardeur uitgesluit word. Die Wysigingswet het, onder andere, ten doel om dit duidelik te stel dat die Hooggeregshof konkurrente jurisdiksie met die landdroshof in sodanige gevalle het. Dit was ook nooit die bedoeling dat die trustees van trusts *inter vivos* lede van beslote korporasies mag word nie. Na 'n onlangse Hooggeregshofuitspraak heers daar nou onsekerheid en word die opvatting gehuldig dat die trustees van 'n trust *inter vivos* in sy amptelike hoedanigheid deur middel van 'n genomineerde persoon onregstreeks lidmaatskap van 'n beslote korporasie kan verkry. Die Wysigingswet bepaal uitdruklik dat so 'n trustee nie in sy amptelike hoedanigheid lid van 'n beslote korporasie mag word nie, hetsy direk of indirek. ■

Opmerking: By die ter perse gaan was die Wette genoem in 3, 4 en 7 nog nie in werking gestel nie.

"Holmesiana"*



The Honourable Neville Holmes

I recently found this extract from an unreported judgment of Holmes, J as he then was, among my papers. In my view it ranks as a collectors' piece of "Holmesiana".

GGA Munnik (Judge-President, Cape)

R BASSUDEY
versus
S BHARAT

N.P.D. 25 October 1975

Holmes, J: One's forensic and judicial experience of promissory note cases among some litigants in Natal, is that the game is sometimes played according to a recognised pattern. It begins rather like musical chairs - there are always more promissory notes than funds; and the game seems to be to manoeuvre and intrigue until someone is left as odd man out, disconsolately holding a dishonoured note. When he sues, the game enters upon a different phase, in which falsehood and half-truths have their most imaginative and unconscionable fling. Even when judgment is finally given, the contest is merely transferred to some different arena, with adroit recourse to such tactics as inspired sequestration, composition, sureties of straw and more promissory notes.

That seems to me to apply in this case, in which the affidavits are mutually destructive and the probabilities inconclusive. The Persian poet, in his search for truth, felt he was emerging from the same door as that by which he had entered. In the present case, trying to find the truth in these affidavits is like looking in a dark room for a black cat which is not there - a situation which baffles even judicial discernment. In these unhappy circumstances the admittedly signed promissory note emerges triumphant.

Note:

Former Judge of Appeal Neville Holmes is of course well-known in legal circles for his exceptional style and verbal dexterity. The following interesting story is told by one of his ex-colleagues in the Appellate Division:

Neville Holmes used to write his (famous) judgments with an ordinary pencil. When he was about to retire one of his colleagues in the Appellate Division asked him for the pencil, saying that it might help him to acquire its master's writing skills. Holmes merely smiled, but on the day that he left the Appeal Court a small parcel was delivered to the said colleague. It contained Holmes's half-used pencil and a sharpener. (It is not known whether the legacy had the desired effect.) – **Editor** ■

* See also (1986)85 *SALJ* 304 *et. seq*, 1974 *THR-HR* 169-74 and 1976 *De Jure* 3